# KASPER SE BESOEK AAN DIE MAAN

DEUR

ELIZABETH SAUNDERS

NASIONALE PERS, BEPERK,
Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth.
1938

Kasper was besig om sy voetbal rond te skop in die tuin toe hy sy mammie na hom hoor roep; maar hy neem daar geen notisie van nie en hou maar aan met voetbal speel.

„Kasper, Kasper," hoor hy weer. „Gaan kyk gou of die hoenders gelê het en bring die eiers in die huis, my kind."

Dit was seker weer bloumaandag, want Kasper se humeur het die oorhand oor hom gekry. Toe hy weer sy mammie hoor roep, gee hy die bal 'n skop dat dit daar tussen die hoenders trek, steek sy hande in sy broeksakke en brom: „Ek wonder waarom ek altyd moet werk as ek by die huis is. Ander seuns hoef dit nie te doen nie. Ek sal ook nie gaan kyk of daar eiers is nie. Ek wens . . . . ag, ek wens ek het in die maan gebly!"

Sy woorde was skaars uit, toe 'n diep stem skielik langs hom sê: „O so, is dit jou wens? Nou kom dan saam met my." En nog voor Kasper tyd gehad het om uit te vind aan wie die




Warrelwind gryp Kasper.

stem behoort, gryp Warrelwind hom en warrel met hom tot bo in die lug, al hoër en hoër, tot binne in die maan. Daar het hy binne in 'n groot kamer te lande gekom.

Die ou Man in die Maan was net aan wakker word in sy ou groot stoel. Hy sit sommer regop toe hy Kasper die kamer hoor inval.

„Nou toe nou, en wie kan dit wees?" roep hy uit in sy diep stem. „Klein seuntjies kom nie gewoonlik vir my kuier nie. Kom sê my wie jy is en hoe jy hier gekom het?"

„E . . . e-e-ek is K-K-Kasper," sê hy met bewende stemmetjie. „En W-w-warrelwind het my hier gebring."

„Ha, ha, ha!" lag die vrolike ou man. „Maar Warrelwind is vol grappe! Ek is darem bly om jou hier te hê, want ek word al oud en dit sal lekker wees om iemand te hê vir geselskap en om te help met my werk."

Kasper kyk na ou vader Maan met verbaasde oë.

„M-maar," sê hy, „hoe kan daar dan werk wees in die maan?"

Die ou man skater uit van die lag.

Na die ou man so van hom weg gestap het, het Kasper 'n bietjie skaam gevoel oor sy parmantigheid.

Treurig en verlate het hy toe maar by die venster gaan staan en uitkyk. Daar naby hom het die Aandster blink en pragtig aan die lug gehang. Wie het ooit kon dink dat 'n ster so mooi is? Kyk tog net na die helder lig!

Toe val dit eers vir Kasper by wat Vader Maan gesê het van die liggies.

Nou hoe kry hy dit ooit reg om al die liggies van die duisende sterretjies te laat brand? Het hulle dan ook elektriese ligte hier soos by sy eie huis op die wêreld? Kasper begin nuuskierig word en stap die kamer uit om na Vader Maan te soek.

Hy bevind hom toe in 'n helder verligte gang. Aan die een ent van die gang is trappe wat lyk of hulle na 'n bowe-verdieping lei. Vinnig klouter hy daarop. Maar dit het nie vinnig genoeg na sy smaak gegaan nie, want die trappe het al in die rondte gelei en daar was baie. Uiteindelik kom hy toe op 'n platform uit wat omring is met hoë traliewerk.

Hoe heerlik is die lug toe daarbo. Hoog in sy skik kyk hy